# Skoolfonds

**Skoolfonds vir 2020 beloop R11 500-00 per kind per jaar.**

**Wyse van Betaling**

'n Eenmalige betaling, wat moet geskied voor/op 29 Februarie 2020, waarna 'n korting van 7 % toegestaan sal word – d.w.s. 'n totale bedrag van **R10 695-00** per kind.

óf

Maandelikse paaiemente oor 10 maande (R1 150-00 x 10) voor die 7de van elke maand, vanaf Februarie tot November.

óf

Kwartaalikse paaiemente oor 4 kwartale (R2 875-00 x 4).

**Nie-betalende Ouers**

Neem kennis dat die Beheerliggaam die betaling van skoolfonds deur ouers, wat ingevolge Artikel 40 van die Skolewet van 1996 daarvoor aanspreeklik is, deur regsproses kan afdwing. Agterstallige skoolfonds sal binne drie maande aan ons invorderaars oorhandig word indien daar nie spesiale reëlings getref word nie. Ouers is vir regskostes aanspreeklik.

Enige probleme moet via die finansiële beampte, Mev. Christelle Hamman, óf die Tesourier van die Beheerliggaam, Mnr. Albrecht Neethling, uitgeklaar word. Daarna sal skriftelik ooreengekom word oor hoe u u verpligting kan nakom.

Ouers wat vir vermindering van skoolfonds wil aansoek doen, kan die nodige vorms by Mev. Christelle Hamman kry. **Neem asseblief kennis dat slegs Graad 1 – 7 leerders kwalifiseer vir skoolfondsvermindering, aangesien Graad R-leerders nog nie wetlik skoolpligtig is nie.**